

13 Junie

Wat is die sin van die lewe?

Skrifgedeelte: Jesaja 43
Fokusgedeelte: Jesaja 43:1-4

Wat is die sin van die lewe? Ek wonder en ek word bang.

Moenie bang wees nie, sê die Here. In die hoofstuk skets Hy die sin van die lewe: Deur sy eiendom, Israel van ouds, die gelowiges vandag, moet Hy geëer word. Immers, Israel is sy dienskneg, geroep om getuies te wees voor die nasies dat Hy God is en niemand anders nie, dat Hy Redder is. Sy liefde verander nie, net soos wat Hy nie verander nie. Daarom: Moenie bang wees nie. Getuig hoedat daar vir jou een God en Redder is. En dink daaraan hoe jy aan Hom gebind is.

Ons word aan Hom gebind met 'n band gewef van verskillende drade: Hy is ons Skepper, Verlosser, Hy roep ons en ken ons by die naam, Hy het ons aangeneem as sy eiendom (vs 1). Wie kan dan bang wees? Die vuur en water (vs 2), beelde van die aanvegtinge van die lewe, kan maar kom. Ons is vas aan Hom, want ons moet sy getuies wees.

Van mense wat geen waarde in hulleself vir Hom het nie, sê Hy: Omdat jy vir My kosbaar is ... Hy ag ons hoog, Hy het ons lief (vs 4), want Hy het ons aan Hom verbind. Soveel so dat Hy volke en mense in ruil vir Israel se lewe gee. Ons weet: Vir ons lewe nie volke en mense nie, maar sy eie Seun, Jesus Christus, as losprys. Hoe sterk is die band waardeur Hy ons aan Hom bind, nie! Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie.

Sing: Psalm 40 (1936): 1, 3, 5; Psalm 40 (2001): 1-4

Ds. J Malan (Oudtshoorn)